Laerskool Swartkop

H/v Viking & Campbellweg Valhalla 0185 Posbus 21025 Valhalla 0137
Tel (012)6541181 Faks (012) 6541182
e-pos kantoor@laerskoolswartkop.co.za Besoek ons webwerf by www.swartkop.co.za

Geagte Ouers

BEHEERLIGGAAMVERKIESING
7 MAART 2018

NOMINASIE EN VERKIESING:

Datum:	**7 Maart 2018**	
Plek:	Laerskool Swartkop Skoolsaal	
Tyd:	Registrasie en nominasie:	18:00 – 18:30
	Kworum en stemming:	18:30

VERKIESING, INDIEN KWORUM OP 7 MAART 2018 NIE BEREIK IS NIE:

Datum:	14 Maart 2018	
Plek:	Laerskool Swartkop Skoolsaal	
Tyd:	Kworum en stemming:	18:00

Die regulasies in terme van die Skole Onderwyswet van Gauteng (1995) asook die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) bepaal dat alle Staatskole elke 3 jaar 'n Beheerliggaam moet verkies. Die nuwe Beheerliggaam moet, volgens hierdie regulasies, teen 31 Maart 2018 verkies wees. Die regulasies skryf die samestelling van die Beheerliggaam voor.

Die skool se Beheerliggaam word saamgestel uit die Hoof en:

- **6 Ouerlede**
- **3 Opvoederlede (Onderwysers)**
- **1 Nie-opvoeder lid**

Die **NOMINASIES** van kandidate op die amptelike **NOMINASIEVORM** kan vanaf 28 Februarie 2018 ingehandig word by die skool se ontvangskantoor waar 'n nominasiebus tot 13:00 op 7 Maart 2018 beskikbaar sal wees. Verdere nominasies kan op 7 Maart 2018 van 18:00 tot 18:30 in die skoolsaal ingehandig word. **Alle nominasies sluit om 18:30.** Dit is belangrik dat die nominasievorm **KORREK EN VOLLEDIG INGEVUL WORD.** Die vorm vereis die **naam en handtekening van die voorsteller en 'n sekondant, sowel as die volle naam en die handtekening van die genomineerde.** 'n Nominasievorm kan by die skool (ontvangskantoor) afgehaal word.

Ons maak staat op die samewerking van **elke** ouer om deel te neem aan die verkiesing. ('n Gewone huisgesin het dus 2 stemme). 'n Kworum by die stemming is 15% van al die stemgeregtigde ouers van die skool. 'n Stemgeregtigde ouer is 'n ouer of voog van 'n ingeskrewe leerder van Laerskool Swartkop.

DIE KWORUM WORD BEPAAL DEUR DIE PERSONE FISIES TE TEL WAT 18:30 IN DIE SAAL TEENWOORDIG IS. 'n Volmagvorm word nie in berekening gebring by die vasstelling van 'n kworum nie. Indien dit vir u onmoontlik is om die stemming by te woon, mag die ouers (moeder en vader) of voog (rekenpligtige) 'n **VOLMAGVORM** invul wat dan aan 'n ander ouer van die skool volmag verleen

om namens u te stem. ('n Volmagvorm kan by die skool se ontvangskantoor afgehaal word). 'n Maksimum van **1 volmagvorm** per stemgeregtigde is toelaatbaar.

Die verkiesingsorganiseerder van ons skool is 'n personeellid van 'n buurskool en sal later aan u deurgegee word.

Ons skool se verkiesingsbeamptes is:
Mnre. M. van der Merwe, M Walkenshaw en Mev, E Geerlings.

Die verkiesing van 'n nuwe Beheerliggaam vir die volgende 3 jaar is van die uiterste belang vir die sinvolle bestuur van ons skool. Ons maak staat op die ondersteuning van elke ouer.

ONTHOU: U moet op 7 Maart 2018 teen 18:30 in die skoolsaal teenwoordig wees om deel te wees van die kworum.

Ons vra dringend u samewerking in hierdie verband!

Byvoorbaat dankie

_____

M. VAN DER MERWE
HOOF
2018/02/01

B E L A N G R I K :
Die ouers wat die vergadering gaan bywoon, sal 'n kaartjie ontvang wat aan sy of haar kind / kinders toestemming verleen om met gewone klere op Vrydag, 9 Maart, skool toe te kom.